NUUSVERKLARING VIR ONMIDDELIKE UITREIKING

BEGIN

CAPITEC BANK GEREED VIR VERDERE KLIëNTEGROEI

Stellenbosch – Capitec Bank het vandag 'n 78% toename in wesensverdienste per aandeel in sy ongeouditeerde finansiële resultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2006 aangekondig. Die bank se wesensverdienste het van R41 miljoen in Augustus 2005 tot R74 miljoen in Augustus 2006 gegroei.

Toeskryfbare wins het met 79% tot R73,6 miljoen toegeneem en die opbrengs op aandeelhouerskapitaal het met 26% toegeneem van die 17% wat in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar aangeteken is. Die bank se totale bates beloop R1 683 miljoen teenoor die R937 miljoen in Augustus 2005. Totale aandelekapitaal het van R480 miljoen tot R747 miljoen toegeneem met die onlangse uitreiking van nie aflosbare voorkeuraandele wat R155 miljoen tot die styging bygedra het. 'n Tussentydse dividend van 20 sent is verklaar.

Lenings vir die sesmaandetydperk het van R1,3 milard in 2005 tot R1,6 miljard in 2006 toegeneem. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan beduidende kliëntegroei van gemiddeld 25 000 nuwe kliënte per maand, die groei in lenings met 'n termyn van ses en 12 maande, en die uitbreiding van die distribusieplatform.

"Ons het ons netwerk tot 267 takke uitgebrei gedurende die ses maande tot Augustus 2006," sê Riaan Stassen, uitvoerende hoof van die JSE-genoteerde Capitec Bank. "Goeie kleinhandelpersele bly skaars en ons besef hoe belangrik 'n gerieflike ligging vir ons kliënte is. Dit het ons uitrolplan effens vertraag, maar ons verwag om meer as 290 takke teen die einde van Februarie 2007 te hê." Capitec Bank verskaf werk aan 2 000 mense.

Stassen skryf die bekostigbaarheid van die bank se fooie en die toeganklikheid van sy dienste aan innoverende tegnologie toe en sê Capitec Bank het onlangs ook 60 mobiele banke bekend gestel. "Hierdie mobiele banke stel ons in staat om bankdienste

na ons kliënte se werkplekke te neem. Deur 'n skootrekenaar, 3G-kommunikasie, 'n kaartleser, fingerafdrukleser en webkamera te kombineer, kan ons al die nie-kontant transaksies doen – soos om rekeninge oop te maak, debietkaarte uit te reik en te vervang, rekeningnavrae te hanteer, bankstate te druk en lenings te aktiveer op 'n plek en tyd wat ons kliënte en hul werkgewers pas. Die kombinasie van mobiele banke en ons kostedoeltreffende internet-gebaseerde salarisoordragfasiliteit sal kliëntegroei deur werkgewerverkope dryf. Ons verwag om binnekort meer as 'n miljoen aktiewe kliënte te hê.

"Ons glo daarin om ‘n een-stop finansiële oplossing vir spaar, transaksies en lenings aan ons kliënte te bied. Dit is belangrik om 'n suksesvolle langtermynverhouding te verseker.”

Die bank bied onversekerde persoonlike lenings met 'n leningstydperk van een tot 12 maande. Lenings met 'n leningstydperk van 18 en 24 maande sal binnekort bekend gestel word. Agterstallige bedrae en voorsiening vir slegte skuld het van 2,85% in Februarie 2006 tot 4,07% in Augustus 2006 toegeneem. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die toename in lenings met 'n termyn van ses en 12 maande wat hoër agterstalligheidsvlakke as lenings van een en drie maande het.

"Hoewel die verhaling van korttermynlenings vir die eerste helfte van 2007 effens verswak het, is ons tevrede met die prestasie wat steeds goed binne ons risiko-aptyt is.

"Die termyn van ons leningsboek het verder toegeneem na die bekendstelling van ses- en 12-maande lenings gedurende die tweede helfte van die 2006 finansiële jaar. Ons voorsieningsbeleid is konserwatief en hoewel ons oor voldoende kundigheid beskik, het ons nie omvattende historiese statistiek sedert hierdie langer termyn leningsprodukte bekend gestel is nie.

"Ons is ingenome met die suksesvolle uitreiking van nie–aflosbare voorkeuraandele teen 75% van prima in Augustus, wat R155 miljoen (ná aftrekking van onkoste) ingesamel het. Ons kapitaalbasis van R747 miljoen sal gebruik word vir moontlike internasionale uitbreiding, die uitbou van plaaslike infrastruktuur en takke, en om die groei in ons leningsboek te befonds."

Stassen sê Capitec Bank ondersteun die doelwitte van die Nasionale Kredietwet en glo krediet moet op 'n eenvoudigde en ondubbelsinnige wyse aan die mark verskaf word. Die regulasies van die nuwe wet ondersteun dit nie noodwendig nie en skep 'n beduidende administratiewe las. Ons stelselontwikkelaars is as gevolg hiervan genoodsaak om die nodige veranderings aan te bring ten koste van innovasie ten opsigte van produk- en dienslewering."

"In lyn met ons voortgesette beleid om pryse te verlaag, sal ons die pryse van ons leningsprodukte gedurende die tweede helfte van die finansiële jaar aanpas. 'n Hersiende prysformaat word terselfdertyd toegepas en is in ooreenstemming met die nuwe Kredietwet. Langertermynprodukte wat op grond van telkaart- en bekostigbaarheidstoetse aan kliënte gebied word, sal ons verder in staat stel om pryse af te dwing."

Stassen is optimisties oor die bank se vooruitsigte. "Ons sal voortgaan om verkope deur werkgewers te dryf en gaan ons reklamebegroting verhoog om bewustheid van Capitec Bank se handelsmerk uit te bou. Daarby glo ek dat die behoefte aan bekostigbare, toeganklike, vereenvoudigde en persoonlike bankdienste nie tot Suid-Afrika beperk is nie. Ons glo ons sakemodel kan, met enkele aanpassings, na ander lande uitgevoer word."

EINDE

Uitgereik deur Kommunikasie en Openbare Betrekkinge, Capitec Bank Beperk

Navrae

Riaan Stassen

Telefoon: 021 809 5921

E-pos: riaanstassen@capitecbank.co.za

Yolandé van Rensburg

Capitec Bank

Telefoon: 021 809 5998

Sel: 072 480 3617

E-pos: yolandevanrensburg@capitecbank.co.za

Quantumstraat 10

Technopark

Stellenbosch 7600

Posbus 12451

Die Boord

Stellenbosch 7613